# DIE SKIETLOOD

157ste Uitgawe 29 Maart 2019
saam met Koersvas 157

**Nederlandse Geloofsbelydenis**
**Artikel 35 - Nagmaal**
Deel twee:

**Tog dwaal ons nie as ons sê dat wat deur ons geëet en gedrink word, die eie en natuurlike liggaam en die eie bloed van Christus is nie; maar die manier waarop ons dit nuttig, is nie met die mond nie maar met die Gees deur die geloof. Daarom, al bly Christus altyd aan die regterhand van sy Vader in die hemel sit, hou Hy tog nie op om ons deur die geloof aan Homself deel te laat hê nie.**

Die vorige gedeelte is afgesluit met die verwysing dat Christus aan ons gegee word tydens die Nagmaal. Hierdie stelling moet nou verder verduidelik word.

Hier word nou 'n belangrike onderskeid getref. Ons moet hierdie onderskeid sien teen die agtergrond van dit wat ons in die Bybel leer oor Jesus Christus. Ons het in vorige uitgawes die twee nature leer van Christus bespreek. Hierdie leer oor die twee nature moet nou weer genoem word. Jesus is ware mens (*vere Homo*) en ware God (*vere Deus*). Die bewoording van die konsilie van Chalcedon aangaande Jesus se twee nature moet net hier weer ingesluit word. Die belangrike deel van die besluit in (eie vertaling) lui as volg:

"*Twee nature, sonder verwarring, onveranderbaar, onverdeelbaar, onskeibaar* (*without confusion, without change, without division, without separation; Grieks - ἀσυγχύτως, ἀτρέπτως , ἀδιαιρέτως, ἀχωρίστως: Latyn - inconfuse, immutabiliter, indivise, inseperabiliter*). *Die verskille van die Nature word op geen manier verwyder deur die eenwording nie, die teendeel is die waarheid naamlik; die eienskappe van die twee Nature bly behoue, en is gelyksaam deel opgesluit in die een persoon, die een hipostasis*[1] *wat Jesus Christus is. Hy is nie in twee persone verdeel nie, maar is een persoon, die Woord, die Seun van God*."

Die twee nature, naamlik die menslike en die Goddelike kan nie van mekaar geskei word nie en tog kan ons die onderskeid tref. Die twee nature kan nooit met mekaar vermeng word nie. Elke natuur bly dieselfde en eie aan sy natuur. Dit beteken dat die menslike natuur nie skielik kan vergoddelik of Goddelike eienskappe begin kry nie. Dit kompliseer ons verstaan van die Nagmaal. Aan die een kant bely ons dat ons deel kry aan Christus. Aan die ander kant beweer ons dat Hy as ware mens by God is. Hoe nou gemaak?

Die eerste saak wat beklemtoon moet word, is dat ons moet onderskei tussen letterlik en figuurlik. 'n Tweede onderskeid is tussen die verskillende interpretasies van die denominasies. In die eerste deel van hierdie bespreking is reeds verwys na die Roomse verstaan teenoor die Calvinistiese en selfs die Lutheraanse verstaan van die Nagmaal. In 'n poging om in eie tradisie naby aan die Bybelteks te bly, moet ons nou die Protestantse verstaan verduidelik. Jesus stel by die

[1] WAT: hiposta'ties b.nw. 1 (teologie) Betrekking hebbende op 'n hipostase of goddelike persoon: Hipostatiese vereniging, (a) vereniging van die twee nature, die menslike en die goddelike, in die hipostase of persoon van Christus; (b) eenheid in wese van die drie persone van die Heilige Drie-eenheid.

instelling dat die brood Sy liggaam is en dat die wyn Sy bloed is. Wat word bedoel met hierdie “is” binne die Openbaring aangaande die twee nature van Jesus Christus?

Hoe het ons deel aan Christus sonder dat Sy twee nature meng, vermeng, met mekaar verwar raak of geskei raak? As ons deel het aan Hom aan die tafel, hoe kan ons deel hê sonder dat Sy nature vermeng of skei? Die formulier stel tog dat ons deel het aan Sy eie liggaam en aan Sy eie bloed. Die volgende woorde lewer ‘n belangrike sleutel tot ons verstaan; “*maar die manier waarop ons dit nuttig, is nie met die mond nie maar met die Gees deur die geloof*.” Die APK vertaal die frase so: “*maar die wyse waarop ons dit gebruik, is nie met die mond van die liggaam nie, maar met die Gees deur die geloof*.” Dit word met ander woorde duidelik dat die brood en wyn nie brood en wyn is wat op magiese of onverklaarbare wyse in Jesus self verander nie. Hier vind ‘n naas-mekaar gebruik van konsepte plaas. Dit wat met die mond gedoen word, het ‘n parallelle en dieper handeling van die Gees.

Dit maak die werklikheid nie minder waar nie, dit maak net dat ons met sorg oor die saak moet dink en praat. Ons weet uit eie ervaring dat ‘n teken ons kan terugvoer na ‘n gebeurtenis, soveel so dat ons die werklikheid en trauma of vreugde weer intens kan ervaar. ‘n Skielike reuk van lekker kos kan jou terugplaas in die lekkerkuier atmosfeer van ouma se plaaskombuis, die reuk van babapoeier kan die ouer in ‘n oogwink weer by die babagraffie laat staan. Die ervaring is in daardie oomblik vir daardie persoon werklik, gekoppel aan ‘n gebeurtenis met enorme betekenis. Op soortgelyke wyse bring die brood en wyn die werklikheid en saligmakende heerlikheid van Jesus se soendood by die Nagmaal in herinnering- op so ’n intense vlak dat dit as werklikheid in die hier en nou verklaar word.

Dit is in die ruimte van geloof dat ons Jesus se opoffering ervaar. Sy Hemelvaart impliseer dat Hy daar gaan wees totdat Hy weer kom. Dit is in geloof dat ons deel het aan Hom. Die Nagmaal ruk met ander woorde nie Jesus of ‘n deel van Hom uit die hemel in ons werklikheid in nie. Jesus se verwysing na “is” moet daarom verstaan word as ‘n werklikheid wat in geloof verseker word.

**Hierdie feesmaal is 'n geestelike maaltyd waar Christus Homself met al sy weldade aan ons meedeel en waar Hy ons Homself en die verdienste van sy lyding en sterwe laat geniet.**

Dit is die afgestompte ongelowige wat wil vashaak by die sigbare tekens. Die Nagmaal word gevier in die ruimte van ‘n ontmoeting met God, dit is primêr ‘n geestelike maaltyd wat deur die tekens van brood en wyn bevestig word. Dit is ’n herinneringsmaal wat gelowiges wil herinner aan al die voordele wat gepaard gaan met geloof in Christus. Deelgenootskap met Christus laat ons deel in al die voordele (weldade) van Jesus se lyding en sterwe. Hierdie voordele sluit in vergifnis van sonde, die nuwe lewe en die heerlikheid van die hemel in die volgende bedeling. Ons word verseker dat Jesus se liefde ‘n werklikheid is wat ons die ewige lewe laat ontvang. Ons is nie meer onder die mag van sonde nie, ons is nou burgers van God se koninkryk. Hierdie nuwe bedeling moet nog finaal deurbreek en daarom word die Nagmaal ‘n geestelike maaltyd genoem.

Die goeie nuus (Evangelie) maak van die Nagmaal ‘n blye feesmaal. Dit is daarom gepas om met respek aan te sit, maar nie met strawwe, stroewe gesigte saam te deel in die gawes wat ons ontvang nie.

**Hy voed, versterk en vertroos ons arme troostelose siel as ons sy liggaam eet, en Hy verkwik en herstel dit as ons sy bloed drink.**

Die Nagmaal is meer as net ‘n maaltyd wat ons in stand hou. Die neerslagtigheid waarin ons sondebesef ons laat val, hou ons gevange. Die sonde maak ons sielsongelukkig. Ons raak moeg en mat. Die Nagmaal hou ons nie net aan die lewe nie, dit gee troos waar geen troos moontlik blyk te wees nie (ons sondes is sonder verdienste vergewe). Die Nagmaal gee ook nuwe krag, verkwik ons dat ons met hernude ywer teen sonde sal stry en sal strewe na ‘n lewe wat deur gehoorsaamheid aan God gekenmerk word.

**Verder, hoewel die sakramente én die sake waarvan hulle tekens is, bymekaar hoort, word nie beide deur alle mense ontvang nie. Die goddelose mens ontvang wel die sakrament tot sy verdoemenis, maar hy ontvang nie die waarheid van die sakrament nie. So het Judas en Simon die towenaar albei wel die sakrament ontvang maar nie Christus, wat daardeur voorgestel word nie; Hy word slegs aan die gelowiges gegee.**

Teken en betekenis hoort bymekaar. Dit is nie vanselfsprekend of op magiese wyse opgesluit in die viering nie. Daar is baie mense wat die tekens van die Nagmaal ontvang, mense wat van die brood eet en van die wyn drink, en tog nie verkwik word nie. Mense wat nie glo nie en goddelose mense kan wel deur vergrype en misleiding aan die tafel gaan aansit. Ons kan nie met die blote oog die onderskeid tref nie. Elke een aan tafel eet en drink. Daar is diegene wat liefs nie daar moes gewees het nie. Die NGB beweer dat sekere mense die sakrament tot sy verdoemenis ontvang. Beteken dit dat daar nog ‘n betekenis in die Nagmaal opgesluit is? Die antwoord is ‘n besliste “nee”. Dit moet duidelik gestel word dat die ongelowige deur onkundige deelname net in die verdoemenis bly. Die tekens word gegee, maar die ongelowige is reeds verdoem. Daar is met ander woorde geen magiese krag in die tekens opgesluit wat selfs die heiden kan red nie. Net soos met die Doop, is hier nie sprake van ingegote genade (*gratia infusa*) nie.

Dit is in geloof en deur geloof wat die waarheid van die Sakrament onderstreep word. Die gelowige ontvang die versekering dat die redding in die eie lewe werklikheid is. Simon die towenaar en Judas is voorbeelde van mense wat nie in hulle harte geglo het nie. Ons lees van Simon Magus in Handelinge 8:9vv. Sy ongeloof het geblyk uit sy aanbod om mag te wil koop by die Apostels. Judas was deel van die maaltyd waar Jesus die Nagmaal ingestel het. Hy het (net soos Petrus) Jesus verloën. Hy het (anders as Petrus) probeer om self sy saak reg te stel en het sy eie lewe geneem in sy soeke na ‘n oplossing. Ontvangs van die tekens beteken buite die konteks van geloof niks nie. Dit is in geloof wat ons tekens en betekenis tesame ontvang. Jesus se gawes is eksklusief. Dit word net gegee aan die wat glo. Hierdie is harde woorde wat in die “inklusiewe” gemeenskap rede tot aanstoot is. Almal wat glo, ontvang in

die Nagmaal alles wat Jesus bewerkstellig het, maar ook net die wat glo, ontvang dit. Almal kan aansit en eet, maar net in geloof word Christus ontvang.

**Ten slotte, ons ontvang die heilige sakrament in nederigheid en met eerbied in die samekoms van die volk van God, waar ons met danksegging 'n heilige gedagtenis aan die dood van Christus ons Verlosser onderhou en belydenis van ons geloof en van die Christelike godsdiens doen.**

Die eksklusiewe aard van die Nagmaal maak nie dat die deelnemers astrant of arrogant kan wees nie. Daar is nie ruimte vir selfwaan, eie waan of trots nie. Die redding is ‘n gawe van God, sonder enige eie verdienste. Dit beteken dat nederigheid en eerbied gepasde gesindhede moet wees van almal om die tafel van die Here.

Die Nagmaal is nie ‘n private maaltyd nie. Dit word in die “samekoms van die volk van God” gevier, met ander woorde in die samekoms van die gemeente, ook bekend as die erediens. Dit is te midde van mede-gelowiges dat ons saam gaan aansit. Dit is in die erediens waar ons dink aan God se genade, waar ons die geloof van die eeue bely en bevestig as ons eie werklikheid. Dit is in die erediens waar ons die inhoud van ons Geloofsbelydenis onderhou en ons besig hou met die “sake van God”. Dit is in die ruimte waar ons die geloof behou, dat ons deur tekens in die geloof gehou word.

**Daarom behoort niemand daarheen te gaan as hy homself nie eers deeglik ondersoek het nie, sodat hy nie tot sy eie oordeel eet en drink as hy van hierdie brood eet en uit hierdie beker drink nie (1 Kor. 11:29).**

Wat is hierdie selfondersoek? Wat is die inhoud van sodanige ondersoek? Gaan dit oor die ondersoek van eie waardigheid? Moet die deelnemer gaan seker maak dat daar geen sonde in die eie lewe is nie?

Binne die konteks van die hele bespreking is dit duidelik dat ons met geloof en kennis te make het. Iemand wat nie die betekenis van die tekens verstaan nie, kan nie die inhoud van die betekenis ontvang nie. Daar is diegene wat ten gunste van kinderdeelname aan die Nagmaal argumenteer. Hulle herhaal dat dit ‘n herhinneringsmaal is wat deelnemers herinner aan die weldade van Christus. Hierdie argument hou buite rekening dat bewuste, kennende geloofsdeelname deel van die gebeure by die Nagmaal is. Dit is daarom gepas om te verseker dat iemand glo en weet (belydende lidmaat is). Ongepasde deelname aan die Nagmaal is om nie te onderskei dat die brood en wyn die liggaam en die Bloed van Christus “is” nie.

**Kortom, deur die gebruik van hierdie heilige sakrament word ons tot 'n vurige liefde vir God en ons naaste beweeg.**

Dit is opvallend dat die NGB hier weer terug beweeg na die opsomming van die wet. Ons word deur die Nagmaal herinner aan Jesus se soenverdienste, ons ontvang bevestiging dat daardie soenverdienste ook ons eie werklikheid is. Die resultaat daarvan kan niks anders wees as ‘n lewe van geloof nie. Daardie geloof kom tot uiting in liefde vir God en liefde vir ons naaste. Anders gestel, ‘n gelowige kan nie onaangeraak wegstap

van die tafel van die Here nie. Danksegging is meer as net ‘n diens of ‘n bedrag. Danksegging is meer as net ‘n sigbare lewensstyl, dit is ‘n van harte lewe in liefde tot God en die naaste.

**Daarom verwerp ons alle brousels en verwerplike versinsels wat mense by die sakrament bygevoeg en daarmee vermeng het, as ontheiliging daarvan. Ons verklaar dat ons tevrede moet wees met die verordening wat Christus en sy apostels ons geleer het, en ons sê dieselfde as wat hulle daarvan gesê het.**

Die vadere was van oortuiging dat hulle getrou aan die kerklike tradisie wou wees. Hulle het geweet dat daar allerhande byvoegsels kan wees, en reeds bygevoeg was. Enige versinsel (menslike byvoeging) is niks anders as ontheiliging van die sakrament nie. Ontheiliging beteken dat dit nie meer aan God gewy is, of met Goddelike gawe ontvang kan word nie. Dit is gerade om die Nagmaal te vier soos dit deur Christus ingestel is. Ons het immers die sinoptiese Evangelies wat ons daarvan vertel en ons het Paulus se bevestiging van die elemente van die Nagmaal in I Korintiërs 11:23-26 om op staat te maak. Ten spyte van “vernuwing” en verandering, is die beste beleid ten opsigte van die Nagmaal om dit te hou soos ons dit ontvang het.